

# 'N EVALUASIE VAN DIE TECHNIKON-OPLEIDING VAN VOORNEMENDE SKAKELPRAKTISYNS

**Betsie Ferreira**

The purpose of this study was to evaluate the training programme in public relations offered by technikons to determine whether it adequately prepares candidates for the public relations sector.

To reach this objective, a literature study was undertaken in order to identify technikon training requirements as well as professional training requirements in public relations. This study concentrated mainly on South African and American literature, the latter being accepted as a role model for public relations curricula. The systems perspective, and more specifically Files' (1984) macro systems model for public relations curricula, serve as theoretical basis for this study. The literature study was supplemented by interviews with former students and employers in the field of public relations.

The study included an analysis of a national mail-questionnaire survey sent to 403 persons who have obtained the National Diploma in Public Relations.

The study identified weaknesses and shortcomings in the current training programme. In conclusion, recommendations to improve the current programme, as well as guidelines for the curriculum planning of higher qualifications in public relations at technikons, were offered.



*Betsie Ferreira is Senior lektrise in Kommunikasiekunde aan die Port Elizabeth Technikon.*

**This article reports on the findings of the questionnaire survey.**

## **AGTERGROND EN PROBLEEM- STELLING**

Alhoewel die skakelberoep in Suid-Afrika nog nie as 'n professione beskou kan word nie, heers daar toenemende bewustheid onder skakellui van die behoefte om die standarde en status van die beroep te verhoog ten einde as 'n volwaardige professione erken te word. 'n Formele professionaliseringsaksie deur die Openbare Skakelinstituut van Suidelike Afrika (OSISA) is trouens sedert die laat sewentigerjare van krag.

Van kardinale belang vir die professionalisering van enige beroep, is die formele opleiding wat aan voornemende kandidate vir die betrokke beroep verskaf word. Gedurende die opleidingsproses moet die voornemende praktisyen toegerus word met die kennis en vaardighede wat nodig is om tot die beroep toe te tree. Die korpus van kennis van die profesie moet dus aan die student oorgedra word.

Een van die opleidingskursusse in skakelwese in Suid-Afrika waardeur gepoog word om bg. te bereik, is die Nasionale Diploma in Openbare Skakelwese (N Dip : Skakelwese) aangebied deur teknikons. Hierdie kursus is een van die vernaamste kwalifikasies wat deur OSISA erken word. 'n Kandidaat wat dié diploma behaal het, kan na drie jaar se werkservaring in die skakelpraktijk, volle lidmaatskap van die Instituut verkry.

Die betrokke teknikons maak gebruik van skakeladvieskomitees wat uit sowel dosente as praktiserende skakelbepmptes bestaan. Dié komitees lewer 'n wesenlike bydrae. Empiriese navorsing om opleidingsvraagstukke op te los, is egter nog nie voorheen op landswywe vlak onderneem sedert dié kursus in 1981 by etlike teknikons ingestel is nie.

## DOELSTELLING

Die uitgangspunt van hierdie studie was dat tersiêre skakelopleiding voortdurend aangepas moet word by veranderende omstandighede in die bedryf en eksterne omgewing. Die doel van die ondersoek was dus om die opleidingsprogram in skakelwese aangebied deur teknikons te evalueer om te bepaal of dit kandidate genoegsaam voorberei vir die skakelbedryf. Die doel was nie om alter-natiewe kurrikula saam te stel nie, maar eerder om riglyne daar te stel waar-

volgens kurrikula verbeter en beplan kan word. Die evaluasie is hoofsaaklik toegepas op die eerste kurrikulum wat sedert 1981 tot en met 1991 gevolg word. Dit wat egter reeds bekend was omtrent nuwe beplande kurrikula, is ook by die evaluasie betrek.

## ONDERSOEKMETODE

Die eerste deel van hierdie ondersoek het 'n literatuurstudie behels, waardeur gepoog is om standarde te bepaal waarteen die technikonopleidingsprogram in skakelwese gemeet kan word. Die sisteemperspektief en spesifiek Files (1984:19) se makrosisteemmodel vir die beplanning van skakelwesekurrikula dien as teoretiese basis. Daar is veral op Suid-Afrikaanse en Amerikaanse literatuur gekonsentreer. Lg. is vir die doeleindes van hierdie studie as 'n rolmodel vir skakelwesekurrikula aanvaar, met inagneming van die feit dat skakelopleidingsprogramme in die VSA nie as 'n absolute bloudruk in Suid-Afrika toegepas kan word nie. Die literatuurstudie is aangevul deur in-diepte onderhoude met oud-studente en koöperatiewe werkgewers in die skakelbedryf.

Die evaluasie van die teknikons se opleidingsprogram het in twee fases geskied. Ten eerste is 'n kwalitatiewe beoordeling van die kurrikulum gedoen deur dit te vergelyk met alternatiewe kurrikula en ander vereistes wat d.m.v. die literatuurstudie daargestel is.

Die vlg. alternatiewe kurrikula is in die ondersoek gebruik:

- die korpus van kennis van skakelwese in die VSA;
- 'n opsomming van dit wat tans in skakelopleidingsprogramme in die VSA vervat is, soos geïdentifiseer deur die International Communication Association;

- die modelkurrikulum vir skakelopleiding soos voorgestel deur die Public Relations Society of America en die Association for Education in Journalism and Mass Communication in die VSA;
- die modelkurrikulum vir skakelopleiding soos voorgestel deur die International Public Relations Association;
- die korpus van kennis van skakelwese in Suid-Afrika;
- die studieplan vir die akkrediterings-eksamen van die Openbare Skakelraad van Suid-Afrika.

Die afleidings wat gemaak is, is in die praktyk getoets d.m.v. 'n landswyse posvraelysopname onder persone wat die N Dip : Skakelwese behaal het. 'n Makrobenadering is gevolg, wat beteken dat die kurrikulum in sy geheel in terme van breë temas geëvalueer is, eerder as om op spesifieke onderafdelings te fokus.

## **DIE OPLEIDINGSPROGRAM IN SKAKELWESE AAN TECHNIKONS**

Die N Dip : Skakelwese is 'n 3-jarige kwalifikasie wat deur die vlg. teknikons aangebied word: Kaapse Technikon, M L Sultan Technikon, Port Elizabethse Technikon, Technikon Natal, Technikon Pretoria, Technikon Witwatersrand en die Vaaldriehoekse Technikon.

Die kursus behels twee jaar se voltydse studie aan 'n technikon en een jaar se indiensopleiding in die skakelbedryf. Die indiensopleiding word gedurende die laaste studiejaar ondergaan, terwyl die student terselfdetyd die twee hoofvakke voltooi. Ten einde nie die bedryf te oorvloedig nie, word streng keuring by die meeste teknikons toegepas.

Die kurrikulum vir die N Dip : Skakelwese is gestandaardiseer en word deur die Dept. Nasionale Opvoeding goedge-

keur. Die amptelike kurrikulum soos wat dit sedert 1981 voorgeskryf is, sien soos volg daar uit en word normaalweg volgens dié verdeling aangebied:

### **EERSTE JAAR**

Skakelkunde I  
 Kommunikasiekunde I  
 Praktiese Sielkunde  
 Joernalistiekpraktyk I  
 Kantooradministrasie I of  
 Bedryfseconomie I  
 Tik: Joernaliste/skakelbeamptes  
 Kommunikasie in Afrikaans A/B /  
 Communication in English A/B  
 Vreemde taal: Zoeloe/Xhosa/  
 Sotho-(Noord)/Frans/Duits

### **TWEDE JAAR**

Skakelkunde II  
 Kommunikasiekunde II  
 Fotografie vir skakelwese  
 Bemaking en Reklame: Skakelwese I  
 Kommunikasie in Afrikaanse A/B /  
 Communication in English A/B  
 Persreg

### **DERDE JAAR**

Skakelkunde III  
 Kommunikasiekunde III  
 Indiensopleiding

Geleenthede vir verdere studie in skakelwese bestaan nog nie aan teknikons nie. 'n Werkkomitee is egter met hierdie skrywe besig om veranderinge aan die huidige kurrikulum aan te bring en kurrikula vir twee verdere kwalifikasies, nl. die Nasionale Hoër Diploma (N H Dip : Skakelwese) en die Meestersdiploma (M Dip Tech : Skakelwese) saam te stel. Hierdie beplanning is reeds in 'n gevorderde stadium en daar word beoog om die nuwe kurrikula in 1992 te implementeer.

Voorts volg 'n uiteensetting van die breë kurrikula wat vir hierdie kwalifikasies voorgestel is:

## **N DIP : SKAKELWESE**

Skakelkunde I, II en III  
Kommunikasiekunde I, II en III  
Mediastudie I en II  
Reg vir Skakelwese  
Engels vir Skakelwese  
Afrikaans vir Skakelwese  
Bemaking en Reklame  
Sosiale Sielkunde  
Bedryfstudie  
Inleiding tot Woordverwerking

Plus ten minste een van die vlg.:  
Duits I/Frans I/Spaans I/Xhosa/Zoeloe/  
Sotho-(Noord)  
Videologie  
Finansiële Rekeningkunde I  
Nywereidsverhoudinge I

## **N H DIP : SKAKELWESE**

Skakelkunde IV  
Kommunikasiekunde IV  
Mediastudie III  
Navorsingsmetodes en Tegnieke  
Skripsie

## **M DIP Tech : SKAKELWESE**

Dit is 'n navorsingsdiploma wat onafhanklike navorsing op die gebied van skakelwese en die skryf van 'n tesis behels.

Individuele leerplanne was met hierdie skrywe nog nie gefinaliseer nie.

## **DIE AARD VAN TEKNIKON-ONDERWYS**

Technikons spesialiseer in beroeps-  
onderwys en die bevordering van  
tegnologie op tersiêre vlak. Voorts volg  
'n opsomming van die missie van technikon-  
soks afgelei van die Technikonwet,  
deur Dobie en Greyling (1986:39).

Die missie van teknikons is om, gebaseer op navorsingsresultate, vir die toekoms van 'n veranderende samelewing voorsiening te maak deur:

- \* Formele onderrig in tegnologie te bied ten einde studente voor te berei vir professionele indiensplasing, insluitende waar toepaslik, opleiding en ondervinding in die Handel en Nywerheid;
- \* Gemeenskapsonderrig soos voortgesette onderwys, kulturele ontwikkeling, algemene akademiese ontwikkeling, ens. aan te bied;
- \* Bevordering van akademiese en professionele kwalifikasies te bied deur ondersteunende navorsing en projekte.

Sekere vereistes word aan die saamstel van onderrigprogramme aan teknikons voorgeskryf, waarvan die toepaslikste hier opgesom word: (**Requirements for national instructional programme at teknikons**, 1988:8-10)

- \* Onderrigprogramme moet kennis van tegnologie en die beroep op so 'n wyse oordra dat die afgestudeerde onmiddellik produktief is. Technikon-programme moet dus volledige pakkette vir die beroepspraktik wees.
- \* Onderrigprogramme moet gerig wees op die behoeftes van die beroep of industrie, wat insette moet lewer tot die saamstel van programme. Die saamstel van programme moet in oorleg met potensiële rade of verenigings geskied. Voorsiening moet gemaak word vir 'n maksimum van 30% van die inhoud van die leerplan om te voldoen aan plaaslike behoeftes.
- \* Onderrigprogramme moet gerig wees op die tegnieke en vaardighede van die beroep. Lg. moet egter nie die tersiêre standaard van die program in gevaar stel nie.
- \* Die saamstel van onderrigprogramme moet program-gesentreerd en nie dissipline-gesentreerd wees nie. Technikonprogramme is dikwels multi-dissiplinêr.

Koöperatiewe opleiding is 'n belangrike aspek van technikononderwys. Koöperatiewe onderwys kom daarop neer dat formele onderrig in die klaskamer afgewissel word met indiensopleiding. Interaksie tussen die technikon en die koöperatiewe werkgewer is van kardinale belang, omdat die twee komponente van die student se opleiding relevant tot mekaar moet wees. Dit is ook noodsaaklik dat die student se ondervinding in die praktyk deur die technikon gemonitor word.

### FILES SE MAKROSISTEEMMODEL


Aangesien kurrikulumbeplanning in skakelwese aan teknikons deurlopend deur groter sisteme voorgeskryf en beïnvloed word, word die sisteembenadering vir die doeleindes van dié studie as die beste basis vir die evaluasie van skakelopleiding aan teknikons aanvaar. Die sisteembenadering is by uitstek geskik vir die multi-dissiplinêre aard van technikonopleiding en stel die navorsers in staat om die komplekse prosesse wat 'n invloed uitoefen op kurrikulering in skakelwese te identifiseer.

Files (1984:18) se sisteemmodel vir die beplanning van skakelwesekurrikula word gebruik as vertrekpunt om die kennisgebiede en vaardighede wat aan 'n kandidaat tot die skakelberoep oorgedra moet word, te identifiseer, met inagneming van die groter sisteme wat 'n invloed daarop uitoefen. Hierdie model vorm 'n sambreelkonsep wat die belangrikste gebiede van skakelwese saamvat in een model. Hierdie holistiese perspektief maak die model baie geskik vir toepassing op gestandaardiseerde opleidingsprogramme soos dié van die teknikons. Volgens Files definieer dié model die skakelpraktisyn as 'n toegepaste gedragswetenskaplike wat hom wend tot die sosiale wetenskappe en verwante gebiede van kundigheid.

Hierdie model beklemtoon die behoefte om begrip van die kritiese sisteme wat

die burokratiese ondersteuning van 'n samelewing vorm, die bydrae van navorsing en teorie en die aanleer van kommunikasievaardighede. Soos wat beplanning vorder, moet wetlike en etiese beperkings in ag geneem word. En daar moet 'n begrip ontwikkel word van een of meer teikenpublieke, die beleidstellers en -praktyke van bestuur en die effekte en gevolge van skakelaktiwiteite. Die model maak ook voorsiening vir evaluasie met 'n terugvoeringsloop tot beplanning en implementering.

**Fig. 1: Files se makrosisteemmodel vir die beplanning van skakelwesekurrikula**



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

## EMPIRIESE ONDERSOEK

'n Meningsopname is gedurende November 1989 onder oud-studente wat die N Dip : Skakelwese suksesvol voltooi het, gedoen d.m.v. 'n gestruktureerde posvraelys. Die populasie het bestaan uit afgestudeerdes wat die N Dip : Skakelwese suksesvol aan 'n teknikon voltooi het sedert die kursus vir die eerste keer ingestel is. Die Kaapse Technikon het egter nie oor die name van afgestudeerdes beskik nie. Technikon Witwatersrand kon ook nie die name van die heel eerste groep studente wat einde 1983 afgestudeer het, verskaf nie. Die populasie is soos volg samgestel:

|                            |       |
|----------------------------|-------|
| M L Sultan Technikon       | - 30  |
| Port Elizabethse Technikon | - 90  |
| Technikon Natal            | - 50  |
| Technikon Pretoria         | - 112 |
| Technikon Witwatersrand    | - 113 |
| Vaaldriehoekse Technikon   | - 8   |
| TOTAAL                     | - 403 |

'n Responskoers van 40% is verkry.

Die vraelys is saamgestel n.a.v. Files se sisteemmodel vir die beplanning van skakelwesekurrikula. Daar was egter ook 'n aantal bykomende vrae wat verband hou met die eiesoortige aard van teknikononderwys.

## NAVORSINGSBEVINDINGE

Voorts word die bevindinge van die meningsopname kortliks opgesom. A.g.v. gebrek aan ruimte, word slegs die gesamentlike resultaat vir al die teknikons aangetoon.

Resultate word in die vorm van frekwensiepersentasies of, in die geval van vrae waar respondente aspekte van hul opleiding op 'n 5-puntskaal moes evalueer, 'n gemiddelde telling uit vyf aangetoon. Die rekeningkundige gemid-

delde is gebruik. Persentasies tel in sommige gevalle nie op tot 'n totaal van honderd nie omdat sekere respondente nie die vraag beantwoord het nie.

## Beweging van oud-studente

Die meningsopname het aangetoon dat 60% afgestudeerdes wel tot die skakelbedryf toegetree het nadat hulle hul kwalifikasies behaal het, wat beteken dat 40% respondente verloor word aan ander beroepe.

Respondente is gevra om redes aan te dui waarom hulle nie tot die skakelbedryf toegetree het nie. Lg. was 'n oop vraag. Kategorieë is opgestel n.a.v. die antwoorde wat die meeste voorgekom het soos aangetoon in tabel 1:

**Tabel 1**

**Redes waarom afgestudeerdes nie tot die skakelbedryf toegetree het nie**

|   |         |
|---|---------|
| Kon nie 'n pos bekom nie                        | - 52,7% |
| Het belangstelling in die beroepsveld verloor   | - 5,6%  |
| Getrou/met 'n gesin begin/op 'n plaas gaan woon | - 8,3%  |
| Weermag   | - 5,6%  |
| Toegetree tot 'n verwante beroepsveld           | - 16,7% |
| Ander   | - 8,3%  |

Die vraag ontstaan egter of baie afgestudeerdes nie verwante beroepsrigtings betree het, omdat die N Dip : Skakelwese ook voorsiening maak vir die bestudering van joernalistiek, reklame, bemarking, ens. nie. Om dié rede is respondente wat nie die skakelbedryf betree het nie, gevra om aan te toon in watter beroep hulle die grootste deel van hul loopbaan tot dusver deurgebring het. Die resultate word in tabel 2 aangetoon:

**Tabel 2**

**Persentasie afgestudeerdes toege-  
tree tot ander beroepsrigtings**

|                  |   |       |
|------------------|---|-------|
| Joernalistiek    | - | 9%    |
| Uitsaaiwese      | - | 1,3%  |
| Reklame          | - | 6,5%  |
| Bemarking        | - | 11,7% |
| Marknavorsing    | - | 1,3%  |
| Skakelopleiding  | - | —     |
| Nooit gewerk nie | - | 7,8%  |
| Ander            | - | 62,3% |

Sowat 30% respondente bevind hulle dus in verwante beroepsrigtings. Onder "ander" is 'n verskeidenheid van poste soos mode-ontwerper, museum-kurator, sekretaresse, ontvangsdame, winkelklerk, verkoopsverteenvoordiger, bankklerk, grimeerkunstenaar, persoon-beampte en rekenaaroperateur gespesifiseer.

Om te bepaal in watter mate afgestudeerdes wegbeweeg het uit die onmiddellike omgewing waarin hulle opgelei is, is respondente gevra om aan te toon in watter geografiese gebied hulle tans werk. Individuele geografiese gebiede word nie hier verskaf nie, maar slegs die persentasie afgestudeerdes wat wegbeweeg het uit die gebied waarin hulle opgelei is:

**Tabel 3**

**Persentasie afgestudeerdes wat  
wegbeweeg het uit die gebied  
waarin hulle opgelei is**

|                            |   |       |
|----------------------------|---|-------|
| M L Sultan Technikon       | - | 10%   |
| Port Elizabethse Technikon | - | 48,3% |
| Technikon Natal            | - | 29%   |
| Technikon Pretoria         | - | 36%   |
| Technikon Witwatersrand    | - | 15%   |
| Vaaldriehoekse Technikon   | - | 100%  |

Dit blyk dat die meerderheid van afgestudeerdes verkies om aan te bly in die gebied waarin hulle opgelei is, ten minste vir die eerste aantal jare. Daar kan dus aangeneem word dat die reël dat teknikons 30% van die sillabus mag aanpas om voorsiening te maak vir plaaslike omstandighede, geregverdig is.

**Die instelling van verdere kwalifikasies in skakelwese aan teknikons**

Deur hierdie afdeling is gepoog om 'n aanduiding te verkry van hoeveel afgestudeerdes belangstel in verdere kwalifikasies, asook hul verwagtinge van hierdie kwalifikasies.

Respondente wat aangetoon het dat hulle beslis belangstel om vir die N H Dip : Skakelwese in te skryf, tel 28,1%; 25,6% het aangetoon dat die moontlikheid groot is; 23,8% dat hulle onseker is en 22,5% het negatief geantwoord.

Respondente wat beslis belangstel om vir die M Dip Tech : Skakelwese in te skryf, tel 19,4%; 32,5% het aangedui dat die moontlikheid groot is; 22,5% dat hulle onseker is en 25,6% het negatief geantwoord.

Dit is duidelik dat daar wel 'n behoefte aan die instelling van verdere kwalifikasies in skakelwese aan teknikons bestaan. Daarna is respondente gevra om die voorgestelde breë kurrikulum vir die N Dip : Skakelwese volgens 'n vyfpuntskaal (1=beslis onnodig; 5= uiters belangrik) te evalueer. Die mate waarin hulle meen dat opleidings-aspekte in die kurrikulum ingesluit behoort te word, word in tabel 4 aangetoon. Die gemiddelde telling uit vyf word telkens aangetoon:

**Tabel 4****Evaluasie van voorgestelde kurrikulum vir die N H Dip****Uit 5**

|   |       |
|---|-------|
| Opleiding in skakelwese-bestuur                                 | - 4,3 |
| Verdere opleiding in skryf- en ander joernalistieke vaardighede | - 4,2 |
| Spesialisering in 'n bepaalde gebied van skakelwese             | - 3,7 |
| Opleiding in navorsings-metodes                                 | - 3,7 |
| Praktiese navorsing en die skryf van 'n skripsie                | - 3,6 |
| Verdere opleiding in Kommunikasiekunde                          | - 3,6 |

Op grond van bg. kan aanvaar word dat die voorgestelde kurrikulum vir die N H Dip : Skakelwese aanvaarbaar is. Bogenomde tellings kom feitlik deurgaans voor. Respondente is ook d.m.v. 'n oop vraag geleentheid gebied om bykomende voorstelle te lewer. Antwoorde is gekodeer volgens die kategorieë in tabel 5:

**Tabel 5****Voorstelle vir verdere opleiding op die vlak van die Hoër Diploma**

|  |         |
|--|---------|
| Onderrig in die hantering van begrotings                   | - 16,2% |
| Onderrig in openbare optrede                               | - 13,5% |
| Opleiding in algemene bestuur                              | - 13,5% |
| Praktiese toepassing van skakelweseteorie                  | - 10,8% |
| Onderrig in die hantering van woordverwerkers en rekenaars | - 5,4%  |
| Onderrig in die werking van firmas/konsultant-maatskappye  | - 2,7%  |
| Onderrig in Ekonomie en ander besigheidsvakke              | - 2,7%  |

'n Verskeidenheid uiteenlopende voorstelle is onder "ander" geklassifiseer. Voorbeelde sluit in selfontwikkeling, strategiese beplanning, watter kanale om te volg in skakelwese en kleingroep-kommunikasie. Die vernaamste voorstelle is dus begrotings, openbare optrede, algemene bestuur en praktiese toepassing van skakelweseteorie.

**Skakeling met die praktyk en die sukses van koöperatiewe opleiding**

Die mate waarin teknikons wel daarin slaag om praktyk- en beroepsgeoriënteerde opleiding te verskaf en die sukses van die internskap wat studente moet voltooi, is vervolgens getoets. Die stellings wat in tabel 6 vervat is, hou ook verband met die akkrediteringsvereistes vir skakelkursusse in die VSA.

Respondente is gevra om op 'n vyfpuntskaal (1=stem glad nie saam nie; 5=stem beslis saam) aan te dui in watter mate hulle saamstem met hierdie stellings.

**Tabel 6****Uit 5**

1. Ek het as student genoegsame geleentheid gehad om na gassprekers uit die skakelpraktyk te luister  
- 2,5%
2. Ek het as student genoegsame geleentheid gehad om aan praktiese projekte op die kampus deel te neem, bv. deur funksies, seminare, uitstalings, ens. te reël  
- 2,3%
3. Ek is as student gereed op uitstappies geneem na organisasies relevant vir die skakelbedryf  
- 2,2%
4. Ek het as student genoegsame geleentheid vir skakeling met OSISA gehad deurdat ek na funksies, seminare, werkswinkels, ens. uitge-nooi is en/of lid van dié organisasie was  
- 2,7%



5. Ek is as student genoegsaam bewus gemaak van professionele literatuur (bv. **Communica, PR Journal, PR Companion**) - 2,9%
6. Afgesien van my voorgeskrewe boeke is ek as student aangemoedig tot uitgebreide leeswerk t.o.v. skakelwerk - 3,5%

Uit bg. kan afgelei word dat daar ruimte tot verbetering bestaan wat betref skakeling met die praktyk tydens opleiding.

Wat hul indiensopleiding betref, is respondente gevra hoe maklik hulle daarin geslaag het om 'n werksgeleentheid vir indiensopleiding tydens hul derde studiejaar te bekom.

56,3% Respondente het aangetoon dat hulle redelik maklik 'n pos bekom het; 33,4% respondente dat hulle dit moeilik gevind het om 'n pos te bekom en 9% het aangetoon dat hulle glad nie 'n pos met relevante werksondervinding bekom het nie.

Daarna moes respondente aandui in watter mate hulle wel relevante skakelondervinding opgedoen het tydens indiensopleiding. 30% Respondente het werklik die geleentheid gehad om die teorie van skakelwese in die praktyk toe te pas; 46,9% het matige geleentheid gehad; 15% het soms die geleentheid gehad en 8,1% het nooit die geleentheid gehad nie.

Dit blyk asof die meerderheid van afgestudeerdes tevrede is met die huidige formaat vir koöperatiewe opleiding nl. indiensopleiding vir een akademiese jaar waartydens die student terselfdetyd die twee hoofvakke voltooi. 79,6% Respondente het aangedui dat hulle tevrede is en 20,4% dat hulle nie tevrede is nie.

Respondente is ook gevra om 'n rede

aan te dui vir hul tevredeheid of ontevredeheid. Dit is belangrik om hier die verskillende technikon in ag te neem, omdat die wyse waarop onderrig tydens die derde studiejaar hanteer word van technikon tot technikon verskil. Hierdie was 'n oop vraag en die antwoorde is agterna gekodeer. By al die technikon het die oorgrote meerderheid van respondente die feit dat die formaat vir koöperatiewe opleiding die geleentheid bied om teorie te kan toepas in die praktyk, as rede aangetoon waarom hulle tevrede met die stelsel was. Die feit dat dit moeilik was om te werk én studeer is deur die meerderheid van respondente aangevoer as rede waarom hulle nie tevrede was met die formaat nie.

Respondente is gevra om die persoonlike waarde wat die totale sisteem van koöperatiewe opleiding vir hulle inge-hou het, te evalueer volgens 'n vyfpunt-skaal (1=van geen waarde; 5=uiters waardevol). 'n Gemiddelde telling van 3,8 is verkry.

Wat individuele technikon betref, word onderskeid getref tussen persone wat nog nooit skakelposte beklee het nie en persone wat wel al skakelwerk verrig het:

**Tabel 7**  
**Waarde van koöperatiewe opleiding uit 5**

|                    | <b>Nooit skakelwerk verrig</b> | <b>Reeds skakelwerk verrig</b> |
|--------------------|--------------------------------|--------------------------------|
| M L Sultan         |                                |                                |
| Technikon          | 3                              | 4                              |
| Port Elizabethse   |                                |                                |
| Technikon          | 3,2                            | 3,9                            |
| Technikon Natal    | 2,5                            | 3,5                            |
| Technikon Pretoria | 3,3                            | 4,3                            |
| Technikon          |                                |                                |
| Witwatersrand      | 3                              | 4,2                            |
| Vaaldriehoekse     |                                |                                |
| Technikon          | —                              | 3                              |

Soos hierbo gesien kan word, was koöperatiewe opleiding telkens vir dié wat wel skakelwerk verrig het 'n meer waardevolle ervaring as vir dié wat nie skakelwerk verrig het nie. Dit is egter ook duidelik dat, al word indiensopleiding met sekere probleme geassosieer, verreweg die meeste afgestudeerdes baat daarby gevind het.

Die res van die bevindinge is slegs van toepassing op afgestudeerdes wat wel al 'n skakelpos beklee het.

## FILES SE SISTEEMMODEL

### Teorie en navorsing

Skakelweseteorie is nie d.m.v. die vraelys ondersoek nie, omdat die vergelykende studie aangetoon het dat

hier 'n leemte is. Respondente is egter waarskynlik nie van hierdie leemte bewus nie. Dit sou dus geen doel dien om vrae hieroor in te sluit nie.

Opleiding in Kommunikasiekunde is egter wel d.m.v. die vraelys ondersoek. Tabel 8 toon aan in watter mate respondente aspekte van Kommunikasiekunde wat wel in hul opleiding ingesluit is sowel as aspekte wat reeds voorgestel is vir die nuwe diploma en die N H Dip : Skakelwese, belangrik ag:

Uit bg. is dit duidelik dat kommunikasiegebiede wat reeds vir die N Dip : Skakelwese voorgeskryf is asook gebiede wat reeds voorgestel is vir die nuwe leerplan asook die Hoër Diploma, wel van groot nut vir skakelpersone is.

**Tabel 8**

### **Evaluasie van noodsaaklikheid van aspekte van Kommunikasiekunde**

|   | <b><u>Nood-<br/>saaklik</u></b> | <b><u>Kan waarde-<br/>vol wees</u></b> | <b><u>Onno-<br/>dig</u></b> |
|---|---------------------------------|--|-----------------------------|
| Interpersoonlike kommunikasie                 | 84,4%                           | 14,8%                                  | 0,8%                        |
| Intrapersoonlike kommunikasie                 | 46,9%                           | 4,1%                                   | 7%                          |
| Nie-verbale kommunikasie                      | 53,9%                           | 43%                                    | 3,1%                        |
| Kleingroepkommunikasie                        | 71,1%                           | 24,2%                                  | 3,9%                        |
| Massakommunikasie                             | 76,6%                           | 20,3%                                  | 2,3%                        |
| Organisatoriese kommunikasie                  | 87,5%                           | 9,4%                                   | 3,1%                        |
| Oorredingskommunikasie                        | 76,6%                           | 21,1%                                  | 2,3%                        |
| Doelwitgerigte kommunikasie                   | 59,4%                           | 33,6%                                  | 7%                          |
| Media   | 92,2%                           | 5,5%                                   | 1,6%                        |
| Interkulturele kommunikasie                   | 69,5%                           | 28,9%                                  | 1,6%                        |
| Beeldkommunikasie                             | 25%                             | 65,6%                                  | 9,4%                        |
| Politiese kommunikasie                        | 36,7%                           | 53,9%                                  | 9,4%                        |
| Ontwikkelings- en<br>Voorligtingskommunikasie | 32%                             | 62,5%                                  | 4,7%                        |
| Intergroepverhoudings en<br>onderhandeling    | 71,1%                           | 27,3%                                  | 1,6%                        |
| Konflikbestuur                                | 73,4%                           | 23,4%                                  | 3,2%                        |

Tabel 9 toon in watter mate respondente meen dat hulle wel goed voorberei is t.o.v. Kommunikasiekunde (1=baie swak; 5=uitstekend):

Hier word beslis ruimte vir verbetering geïdentifiseer. Die ondersoek toon dat al die genoemde vaardighede wel deur afgestudeerdes in die bedryf benodig

**Tabel 9**

**Hoe goed afgestudeerdes opgelei is t.o.v. Kommunikasiekunde**

|                               | <u>Uit 5</u> |
|-------------------------------|--------------|
| Interpersoonlike kommunikasie | - 3,7        |
| Intrapersoonlike kommunikasie | - 3,4        |
| Nie-verbale kommunikasie      | - 3,5        |
| Kleingroepkommunikasie        | - 3,7        |
| Massakommunikasie             | - 3,8        |
| Organisatoriese kommunikasie  | - 3,8        |
| Oorredingskommunikasie        | - 3,6        |
| Doelwitgerigte kommunikasie   | - 3,5        |
| Media                         | - 3,4        |
| Interkulturele kommunikasie   | - 3,1        |

In die meeste gevalle blyk dit asof afgestudeerdes redelik goed na baie goed voorberei is t.o.v. Kommunikasiekunde.

is; sommige in 'n meerdere mate as ander. 'n Leemte in die opleiding word egter veral t.o.v. rekenaars, woordverwerking, kantoorpraktyk en navorsingsmetodes geïdentifiseer.

**Analitiese vaardighede**

Die mate waarin respondente 'n aantal analitiese vaardighede in hul werk benodig en hoe goed hulle meen hulle daarvoor opgelei is, is volgende ondersoek. In tabel 10 word aangedui hoeveel respondente 'n aantal analitiese vaardighede reeds tot dusver in hul skakelloopbaan benodig het en hoe goed hulle meen hulle daarvoor opgelei is:

**Kommunikasievaardighede**

Die mate waarin afgestudeerdes meen dat hulle verskillende skryffunksies in hul werk toepas en daarvoor opgelei is en die mate waarin hulle kennis oor sekere visuele en mondelinge kommunikasievaardighede benodig en daarvoor opgelei is, is volgende ondersoek. Die wenslikheid van onderrig in

**Tabel 10**

| <b>Analitiese vaardighede</b>                            | <b>Reeds benodig</b> | <b>Goed voorberei</b> |
|--|----------------------|-----------------------|
|  |                      | <u>Uit 5</u>          |
| Finansiële rekeningkunde                                 | 43%                  | 1,4                   |
| Statistiek   | 41%                  | 2,2                   |
| Rekenaars  | 99%                  | 1,4                   |
| Woordverwerking  | 95%                  | 1,6                   |
| Kantoorpraktyk   | 97%                  | 2,5                   |
| Navorsingsmetodes  | 85%                  | 2,9                   |
| Hoe om 'n organisatoriese kommunikasie-oudit uit te voer | 44%                  | 2,3                   |

'n derde taal en indien wel, watter taal, is ook onder dié opskrif gedek. In tabel 11 word aangedui hoeveel respondente bg. vaardighede reeds benodig het en hoe goed hul opleiding hulle daarvoor voorberei het:

Leemtes word hier geïdentifiseer t.o.v. draaiboeke, grafiese kommunikasie, videos en skyfiereekse, druktegnologie, lei van vergaderings, optrede voor die TV-kamera en radiomikrofoon en lessenaarpublisering. Ruimte tot verbe-

**Tabel 11**

**Kommunikasievaardighede**

**Vorberei**

|   | <b><u>Wel benodig</u></b> | <b><u>Uit 5</u></b> |
|---|---------------------------|---------------------|
| Skryf van nuusverklarings                   | 85,9%                     | 3,5                 |
| Skryf vir interne publikasies               | 89,1%                     | 3,1                 |
| Verslae                                     | 81,3%                     | 3,1                 |
| Toesprake                                   | 55,5%                     | 2,5                 |
| Reklamekopie                                | 64,8%                     | 2,5                 |
| Artikels                                    | 75,8%                     | 2,9                 |
| Sakebriewe                                  | 96,1%                     | 3,6                 |
| Pamflette, brosjures, ens.                  | 82%                       | 3                   |
| Draaiboeke                                  | 45%                       | 2                   |
| Grafiese kommunikasie                       | 50%                       | 1,9                 |
| Fotografie                                  | 79,7%                     | 3,4                 |
| Videoproduksie                              | 43%                       | 2                   |
| Maak van skyfiereekse                       | 53,1%                     | 2,1                 |
| Druktegnologie en produksie-prosesse        | 68%                       | 2                   |
| Openbare optrede                            | 74,2%                     | 3                   |
| Optrede voor TV-kamera/radio-mikrofoon      | 42,2%                     | 2,4                 |
| Lei van vergaderings                        | 78,9%                     | 2,4                 |
| Gebruik van oudio-visuele hulpmiddels       | 78,1%                     | 2,6                 |
| Etiket en protokol                          | 84,4%                     | 2,5                 |
| Lessenaarpublisering ("Desktop publishing") | 43,8%                     | 1,3                 |

Respondente is ook die geleentheid gebied om vaardighede wat nie genoem is nie by te voeg. Slegs skryffunksies is genoem. Voorbeelde sluit in vertaling, notules, interne kennisgewings, voorleggings vir kliënte, fotobyskrifte, klankbaan vir skyfiereekse, memorandum, uitnodigings, verslae, inskrywingsvorme, bedankingsbriewe, nuusbriewe en redaksionele kommentaar.

tering bestaan ook t.o.v. toesprake, reklamekopie en etiket en protokol.

Wat 'n derde taal betref, moes respondente aandui watter taal die meeste bruikbaar sou wees in hul skakelloopbaan tot dusver. 'n Swart taal is deur 'n meerderheid van 61,7% respondente aangedui. Duits is deur 7% aangedui; Frans deur 5,5% en Spaans en Portugees deur 0%. 24,2

Respondente het aangedui dat geen derde taal nuttig sou wees nie. Twee respondente het ander tale gespesifiseer nl. Japanees en Italiaans.

Uit bg. kan afgelei word dat alhoewel die meeste technikonks 'n keuse bied tussen verskillende derde tale, 'n Swart taal voorkeur behoort te geniet. Die waarde van Spaans en Portugees, wat albei vir die nuwe kurrikulum voorgestel is, moet bevrage teken word.

### Bestuursbeleid en -praktyk

Die wenslikheid van onderrig in bestuur reeds op die vlak van die Nasionale Diploma is ondersoek deur o.a. te bepaal op watter vlak van skakelwerk oud-studente opereer. 33,6% Respondente is skakelassistente; 46,1% is skakel-beamptes; 14,1% skakelbestuurders en 3,9% skakeldirekteure. 2,3% Het nie die vraag beantwoord nie.

Dit is duidelik dat heelwat afgestudeerdes in die so min as ses jaar wat tot en met die tyd van die ondersoek verstryk het, reeds tot bestuursposte toegetree het. Dit is dus foutief om sonder meer aan te neem dat technikonks nie skakelbestuurder luid oplei en dat bestuursopleiding nie reeds op die vlak van die diploma nodig is nie.

In tabel 12 word aangedui hoeveel respondente reeds sekere bestuurs-

funksies in hul loopbaan benodig het en hoe goed hulle meen hulle daarvoor opgelei is (1=baie swak; 5=uitstekend):

Die vlg. bestuursfunksies is onder "ander" aangedui: delegering, skakeling met vakbonde, personeelwerwing, strategiese beplanning, regsadvies, motivering van personeel, protokol, interkulturele kommunikasie en personeelbestuur. 'n Leemte word dus hier geïdentifiseer t.o.v. begrotings, tydsbestuur, hantering van kontroversiële vraagstukke en raadgewing oor praktyk en beleid.

### Sisteme wat 'n invloed op skakelwerk uitoefen

Die mate waarin afgestudeerdes genoeg kennis oor die massamediasistees, bemarking- en reklamesistees, ekonomiese sistees, politieke sistees en sosiale sistees in Suid-Afrika opgedoen het, en die mate waarin hulle dit benodig, is volgende ondersoek. Die mate waarin afgestudeerdes kennis van hierdie sistees noodsaaklik ag, word in tabel 13 aange- toon:

**Tabel 12**

| <b>Bestuursfunksies</b>                                   | <b>Wel benodig</b> | <b>Uit 5</b> |
|---|--------------------|--------------|
| Bepanning en organisering                                 | 97,7%              | 3,5          |
| Probleemoplossing en besluitneming                        | 90,6%              | 3,2          |
| Formulering van doelwitte                                 | 89,1%              | 3,3          |
| Begrotings  | 72,7%              | 2,2          |
| Tydsbestuur   | 72,7%              | 2,1          |
| Hantering van kontroversiële vraagstukke                  | 67%                | 2,2          |
| Raadgewing oor praktyk en beleid (aan bestuur of kliënte) | 67,2%              | 2,4          |
| Ander (spesifiseer)                                       | 14,8%              | —            |

**Tabel 13**

|                            | <b>Nood-<br/>saaklik</b> | <b>Kan waarde-<br/>vol wees</b> | <b>Onnodig</b> |
|----------------------------|--------------------------|---------------------------------|----------------|
| Die massamedia in SA       | 89,9%                    | 8,6%                            | 1,6%           |
| Bemaking                   | 82,8%                    | 15,6%                           | 1,6%           |
| Ekonomiese struktuur in SA | 56,8%                    | 48,4%                           | 0,8%           |
| Politiese struktuur in SA  | 51,6%                    | 46,9%                           | 1,6%           |
| Sosiale sisteem in SA      | 64,8%                    | 31,3%                           | 3,9%           |
| Reklame                    | 78,1%                    | 21,8%                           | 0,8%           |

Hoe goed afgestudeerdes meen hul opleiding hulle met kennis van bg. toegerus het, word in tabel 14 aangetoon:

**Tabel 14**

**Hoe goed afgestudeerdes opgelei is t.o.v. sisteme wat skakelwerk beïnvloed**

|            |     |
|------------|-----|
| Massamedia | 3,6 |
| Bemaking   | 3   |
| Ekonomie   | 2,1 |
| Politiek   | 1,9 |
| Sosiaal    | 2,5 |
| Reklame    | 3,2 |

Aangesien al genoemde sisteme deur die meerderheid van respondente as noodsaaklik aangedui is, kan aanvaar word dat wat die opleiding betref, daar leemtes bestaan t.o.v. die ekonomiese, politieke en die sosiale sisteem in Suid-Afrika.

**Teikenpublieke en skakelfunksies**

Ten einde 'n aanduiding te verkry van die spesialisasiegebiede waarvoor teknikons skakelbeamptes oplei, is respondente gevra om die skakelgebiede waarin hulle reeds gewerk het, aan te dui. Die resultaat word in tabel 15 aangetoon:

**Tabel 15**

**Skakelgebiede waarin afgestudeerdes reeds gewerk het**

|                                    |         |
|------------------------------------|---------|
| Korporatief/sake                   | - 61,4% |
| Opvoedkundige konteks              | - 41,4% |
| Vermaaklikheidskonteks             | - 32%   |
| Regeringskonteks                   | - 28,1% |
| Lidmaatskaporganisasie-konteks     | - 25%   |
| Maatskaplike diens/wel-synskonteks | - 21,9% |
| Sportkonteks                       | - 18,8% |
| Kulturele konteks                  | - 18%   |
| Finansiële konteks                 | - 17,2% |
| Gesondheidskonteks                 | - 14,1% |
| Internasionale konteks             | - 12,5% |
| Ander                              | - 10,9% |
| Godsdienstige konteks              | - 7%    |

Bg. persentasies gee 'n aanduiding van watter spesialisasiegebiede tydens opleiding beklemtoon behoort te word. Die mate waarin respondente reeds sekere skakelfunksies in hul werk toegepas en daarvoor opgelei is, word in tabel 16 aangetoon:

**Tabel 16**

| <b>Skakelfunksies</b>               | <b>Wel benodig</b> | <b>Goed opgelei<br/>Uit 5</b> |
|-------------------------------------|--------------------|-------------------------------|
| Promosies/spesiale geleenthede      | 94,4%              | 4                             |
| Borgskappe                          | 65,6%              | 3,6                           |
| Werknemerskommunikasie              | 78,1%              | 3,6                           |
| Fondsinsameling                     | 46,1%              | 3                             |
| Lidmaatskâpveldtogte                | 25,8%              | 2,5                           |
| Maatskaplike<br>verantwoordelikheid | 61,7%              | 3,7                           |
| Krisiskommunikasie                  | 34,4%              | 3,3                           |
| Korporatiewe reklame                | 68%                | 3,4                           |
| Korporatiewe identiteit             | 65,6%              | 3,7                           |
| Skakelprogramme                     | 82%                | 4,4                           |

Dis is duidelik dat opleiding oor al die genoemde funksies noodsaaklik is. Geen beduidende leemtes word egter geïdentifiseer nie.

### **Lidmaatskap van OSISA**

Slegs 32,8% respondente het aangedui dat hulle wel lid van OSISA is.

Hierdie lae persentasie kan deels daaraan te wyte wees dat die belangrikheid van affiliasie tot 'n beroepsliggaam t.o.v. professionele ontwikkeling nie genoegsaam by skakelstudente ingeskerp word tydens hul opleiding nie. Ander faktore kan egter ook 'n rol speel. So het verskeie respondente 'n aantekening bygevoeg dat hulle wel aansoek gedoen het om lidmaatskap, maar weens administratiewe probleme geen reaksie ontvang het nie. 'n Aantal respondente het ook genoem dat hulle lede was, maar hul lidmaatskap gekanselleer het.

### **Algemene, ongestruktureerde vrae**

Die laaste twee vrae het respondente die geleentheid gebied om kommentaar te lewer oor enigiets wat nie deur die meningsopname gedek is nie. Respondente is eerstens d.m.v. 'n oop vraag gevra wat hulle as die mees

waardevolle aspek van hul opleiding beskou. Tabel 17 toon die antwoorde wat die meeste voorgekom het in volgorde van afnemende belangrikheid aan:

**Tabel 17**

### **Mees waardevolle aspekte van opleiding**

|  |         |
|--|---------|
| 1. Die hoofvak, Kommunikasiekunde            | - 24,2% |
| 2. Joernalistieke vaardighede                | - 19,5% |
| 3. Praktiese aard van die opleiding          | - 17,2% |
| 4. Skakelprogramme                           | - 15,6% |
| 5. Indiensopleiding                          | - 14,1% |
| 6. Die hoofvak, Skakelkunde                  | - 12,5% |
| 7. Breë agtergrond/multi-dissiplinêre kursus | - 10,9% |
| 8. Kommunikasievaardighede                   | - 9,4%  |
| 9. Goeie dosente - ware rolmodelle           | - 6,3%  |

Respondente is laastens d.m.v. 'n oop vraag gevra om kommentaar te lewer oor tekortkominge in die opleiding wat hulle ondergaan het. Tabel 18 toon die antwoorde wat die meeste voorgekom het in volgorde van afnemende belangrikheid aan:

**Tabel 18****Tekortkominge in opleiding**

|  |         |
|--|---------|
| Nie genoegsame opleiding in joernalistieke vaardighede nie         | - 24,2% |
| Nie genoeg praktiese toepassing nie                                | - 23,4% |
| Geen opleiding in rekenaars en woordverwerking nie                 | - 23,4% |
| Te min kontak met die bedryf/gassprekers/besoeke                   | - 14,8% |
| Kursus nie gekonsentreerd genoeg nie                               | - 14,1% |
| Swak dosente: nie gekwalifiseer/nie ondervinding/negatiewe houding | - 11,7% |
| Onvoldoende dekking van begrotings                                 | - 10,2% |
| Fotografie te teoreties  | - 9,4%  |
| Onvoldoende dekking van bladuitleg                                 | - 8,6%  |
| Onvoldoende dekking van skakeling met drukkers                     | - 5,5%  |
| Onderrig in derde taal moet geskrap word                           | - 5,5%  |
| Gebrek aan bestuursopleiding                                       | - 4,7%  |
| Nie genoegsame opleiding in openbare optrede                       | - 4,7%  |
| Gebrekkige opleiding in mediaskakeling                             | - 4,7%  |

Bg. tekortkominge bevestig die meeste van die leemtes wat d.m.v. die vorige vrae geïdentifiseer is.

**SLOTSOM**

Files (1984) se makrosisteenmodel word deur hierdie ondersoek as 'n geldige vertrekpunt vir die beplanning van skakelopleiding in Suid-Afrika bewys.

'n Vergelyking met alternatiewe model-kurrikula sowel as ander vereistes wat d.m.v. 'n literatuurstudie geïdentifiseer is, toon leemtes in die huidige opleidingsprogram van skakelbeamptes deur teknikons aan. Hierdie leemtes word bevestig d.m.v. empiriese navorsing. Leemtes is veral t.o.v. die vlg. geïdentifiseer:

- skakeling met die bedryf;
- skakeling t.o.v. indiensopleiding;
- keuring by sommige teknikons;
- teoretiese onderbou vir Skakelkunde;
- sekere analitiese vaardighede;
- sekere kommunikasievaardighede;
- sekere gebiede van regs kundigheid en etiek;
- bestuur;
- sekere sisteme in die samelewing;
- sekere kontekste en funksies van skakelwese;
- praktiese toepassing van teorie.

Die ondersoek dui ook op 'n duidelike behoefte aan die instelling van verdere kwalifikasies in skakelwese aan teknikons. Dit is noodsaaklik dat hierdie resultate in ag geneem word by die beplanning van 'n geherstrukturerde diploma asook hoër kwalifikasies in skakelwese aan teknikons. Die veranderinge wat wel reeds deur teknikons voorgestel is, is as geldige en positiewe veranderinge deur dié ondersoek aangetoon. Hierdie studie moet ook gesien word as 'n basis vir verdere navorsing oor skakelopleiding in die toekoms. Dit is noodsaaklik dat opleidingsprogramme in skakelwese voortdurend geëvalueer en aangepas word - in lyn met die dinamiese aard van die beroep.



## VERWYSINGS

Davis, D. R. & Jacobs, D. J. (project leaders) 1985. **South African post-secondary education. Formal technikon instructional programmes in the RSA. Report: SAPSE-151.** Pretoria: Dept. of National Education.

**Design for undergraduate public relations education, The** 1987. The report of the Commission on Undergraduate Public Relations Education. New York: Public Relations Society of America.

Dobie, B. A. & Greyling, J. S. 1986. Technikon education and the community. **Journal for Technikon Research and Education**, 5(1): 37-45.

Files, J.A. 1984. Order in the house. **Public Relations Journal**, 40(3), March: 17-19.

**Gold Paper No. 4**, 1982. A model for public relations education for professional practice. Prepared by the IPRA Education and Research Committee in collaboration with the IPRA International Commission on Public Relations Education.

Hesse, M. B. 1984. Blueprint for graduate study: from idealism to reality. **Public Relations Journal**, 40(3), March: 22-24.

Krause, R. C. 1980. **The body of knowledge of public relations.** Cape Town: David Philip.

**PRISA professional recognition, code of conduct, membership**, s.a. Johannesburg: PRISA.

PRSA Task Force, 1988. Public relations body of knowledge: Task Force report. **Public Relations Review**, 14(1): 3-40.

**Public Relations Council of South Africa: accreditation study guide.** 1989. Johannesburg: PRCSA.

**Requirements for national instructional programmes at technikons. Report: NATED 02-150 (88/01).** 1988. Pretoria: Dept. of National Education.

Roodt, Z. 1988. **The knowledge dimension as a fundamental requirement in the professionalisation of public relations.** Bloemfontein: University of the Orange Free State. M.A.

Ross, R. 1987. Programs in Organizational Communication and Public Relations. **ACA Bulletin**, (60), April: 72-76.

**Studiegeleenthede aan teknikons**, 1989. Pretoria: Komitee van Technikonhoofde.

Tromp, J. A. 1984. Die funksies van die koördineerder. **SAVKO Nuusbrief/SASCE Newsletter**, (1): 17-19.

Von Essen, L. 1985. Public relations: the decade ahead. **Ecquid Novi**, 6(1): 73-83.